**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering.
SAM 1365

JAARGANG XXII — WOENSDAG 12 OKTOBER 1966 — No. 2

## *„Verligte" en „Verkrampte" Afrikaners:*

# PROF. DE KLERK ANTWOORD OP POLEMIEK


**„EK IS DAARVAN OORTUIG DAT DIE POLEMIEK DAREM 'N POSITIEWE NEERSLAG SAL Hê. DAN WAS DIE VERDAGMAKING WAT MY DEEL WAS NIE TEVERGEEFS NIE."**

**Die woorde is in 'n onderhoud deur prof. W. J. de Klerk, hoof van die departement Etiek en Logika aan die P. U. gebruik. Prof. de Klerk het kommentaar gelewer op die hewige polemiek in die pers na die referaat wat hy op die onlangs gehoue Sabra-jeugkongres gelewer het.**

**In sy voorbereide referaat het prof. de Klerk 'n beeld gegee van twee vyande wat ons roeping in die volkslewe bedreig. Hulle is die „verligte" en die „verkrampte" Afrikaner. Op aandrang van Sabra-leiers het prof. de Klerk die deel oor die „verkrampte" Afrikaner weggelaat toe hy sy referaat gelewer het. Die hele referaat was egter reeds aan die pers beskikbaar gestel en het sodoende bekend geword.**

Prof. de Klerk het verklaar dat die reaksie op sy toespraak in die openbare pers verskillende dinge bewys. Dit bewys dat die Engelse pers se verslaggewing nie in alle opsigte eerlik is nie en dat sommige Afrikaanse koerante ook dinge uit verband ruk, deur eensydig te konsentreer op sekere stellings en voorbeelde van die toespraak.

„Die punt van die toespraak lê juis in die poging om balans



PROF. W. J. de KLERK
Foto: Fotokuns

te vind en te formuleer. Die meeste koerante het in hul verslaggewing die balans versteur.

„Verder is oral gepoog om alles wat ek gesê het te minimaliseer deur dit te gebruik in grappies, spotprentjies en ander karikature. 'n Bietjie humor is tipies Afrikaans en word ook so waardeer, maar as dit 'n neerslag is van die stellings wat gemaak is, openbaar dit 'n selfvoldaanheid en onkritiese instelling ten opsigte van onsself."

Prof. de Klerk het vervolg dat dit nooit sy bedoeling was om Afrikaners in kategorieë in te deel of in kampe te jaag nie. Dit gaan juis in teen die geslote beeld van die Afrikanerskap, 'n eenvormige soort Afrikaner wat dan 'n ware Afrikaner is.

„Ek wil waarsku teen eensydighede in die Afrikanerbeeld en Afrikanerideaal. Die weg van kompromisse en van negatiwistiese eklusiwiteit en represtinasiëring wat gesluit is vir die nuwe gestaltes van ons Afrikanerroeping op verskillende terreine, wou ek afwys. Daarteenoor wou ek die balans stel van die beginselhandhawende progressie na die eis van ons roeping. Openheid in gebondenheid aan die waarheid!

**„Ek stel die vraag: watter verantwoorde en gefundeerde standpunt kan daar dan wees?**

**„Ek is bevrees baie skrywers het hulleself geïdentefiseer met hulle reaksie — ek sal nog 'n naam vir hulle uitdink", het prof. de Klerk ten slotte gesê.**

## Op adviesraad aangestel

Dit het die afgelope week bekend geword dat prof. dr. J. A. van Eeden, hoof van die Departement Dierkunde aan die P.U., aangestel is as lid van die wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister.

Prof. van Eeden volg prof. A. P. Goossens op wat vanjaar die tuig neerlê.

## Historici neem afskeid

Die departement Geskiedenis het afskeid geneem van prof. D.W. Kruger, hoof van die departement en bekende historikus tydens 'n dinee op Woensdagaand 5 Oktober. Prof. Kruger, wat aan die einde van die jaar aftree, is deur die Universiteit van Suid-Afrika weer aangestel as professor in Geskiedenis.

Prof. Kruger, wat bykans dertig jaar aan die universiteit verbonde was, het in sy afskeidswoord gesê dat hy steeds 'n geskiedenisbeskouing probeer gee het, wat gegrond was op die van sy voorgangers. Hy het beklemtoon dat afgetrokkenheid in oordele sowel as sterk aangetrokkenheid tot die onderwerp nodig is vir die historikus.


## VYF WORD PROFESSOR

Die raad van die P.U. vir C. H. O. het op 'n onlangse vergadering vyf dosente bevorder tot professore en vyf tot senior lektore.

Die nuwe professore is: dr. J. H. Grobler (Grieks), dr. B. C. Strydom (Wiskunde), dr. D. van Eeden (Mikrobiologie), dr. P. J. Pretorius (Fisiologie), dr. F. J. Potgieter (Aardrykskunde en Beplanning).

Die volgende is tot senior lektore bevorder: mnr. W. J. Voordewind (Aardrykskunde), dr. C. S. Williams (Chemie), mnr. P. E. van Jaarsveld (Sielkunde), mnr. P. J. Helberg (Opvoedkunde), mnr. H. J. Swanepoel (Kosteberekening).

Daar is ook twee nuwe lektore benoem. Hulle is: mnr. T. de W. Jooste (Wiskunde), en mnr. J. P. L. Reinecke (Fisika).



**Daar word reeds goed gevorder met die bou van die nuwe dameskoshuis agter Dawie du Plessishuis. Daar word verneem dat die onderste verdiepings van die koshuis in die eerste helfte van volgende jaar tydelik as manskoshuis sal dien.**

**Foto: De Zee**

# Massa wil verhouding tot Studenteraad hersien

**'n Mosie dat die konstitusionele verhouding tussen die Studenteraad en die studentemassa hersien word, is algemeen aanvaar tydens 'n massavergadering wat op Donderdagaand 6 Oktober gehou is.**

**Die vergadering, wat die eerste massavergadering van die nuwe termyn was, is slegs deur 'n geringe aantal studente bygewoon.**

'n Kommissie is deur die massa aangewys om die probleem te ondersoek. Die kommissie bestaan uit mnre. Jan du Plessis, Jan-At Kruger, Hans Malan, Koot Reinecke en Pieter de Klerk. Die Studenteraad sal 'n verteenwoordiger op die kommissie benoem.

**ELIMINASIE**

Die Studenteraad het 'n nuwe stelsel van eliminasie aan die massa voorgehou. Volgens die stelsel sal die Studenteraad persone wat vir 'n Studenteraadsverkiesing genomineer word, kan elimineer. Geëlimineerdes sal die reg hê om hulle op 'n Studenteraadsvergadering te verdedig en mag na die rektor apelleer, indien hulle hul nie by die Studenteraadsbesluit berus nie.

Die massa het van die Studenteraadsbesluit kennis geneem. Die saak is na die pas gekose kommissie verwys.

## A.S.B.-KOMITEE WIL DIE STAATSPRESIDENT NOOI

**Die A.S.B.-komitee het op sy eerste vergadering besluit om die Staatspresident of 'n kabinetsminister te nooi om die studentemassa volgende jaar toe te spreek. Die geleentheid sal 'n spesiale Verwoerdhuldigingsaand wees.**

'n Gedenkaand ter herdenking van die 50-jarige bestaan van die A.S.B. word in vooruitsig gestel. 'n Geleentheidswoord sal moontlik deur dr. Piet Meyer, voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K. gelewer word.

**BOY GELDENHUYS**

Verder word mnr. Boy Geldenhuys, president van die A.S.B. uitgenooi om die studentemassa te kom toespreek en 'n vergadering in die vorm van 'n parlementsitting word in samewerking met die Korps beplan.

'n Vrugtefees sal gereël word om die eerstejaars in die A.S.B. te verwelkom.

## REDAKSIE Sê TOTSIENS

**Die Wapad wat u voor u het, is die laaste uitgawe wat die jaar sal verskyn. Die redaksie wil die Wapadlesers 'n voorspoedige eksamen en 'n aangename vakansie toewens.**

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:

G. Schoonhoven

Tomstraat 86a Telefoon 5136
Na-ure 6056
Huisarres:
Van der Hoffweg 1

J. HEIDEMA

Vir

FIETSE

en vakkundige

Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende vakansies

Kerkstraat 48 —Tel. 5319

GROSVENOR EN GOUGH MOTORS

GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:

Vespa en Lambretta

BROMPONIES

I. GLASER

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE: AFSLAG vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

TX MODISTE

(Bentie Edms. Bpk.)

Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede

BOUQUET BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM



die WAPAD

WOENSDAG 12 OKTOBER 1966


# 'N EIE GELUID

Die opspraak oor die kontroverse referaat van prof. W. J. de Klerk van die P.U. voor die Sabra-jeugkongres en die inkorting daarvan op aandrang van Sabra-leiers gee aanleiding tot heelwat vrae.

Wat sou die leiers, almal hooggeplaaste Afrikaners laat dink het dat prof. De Klerk se beskouing oor „verkrampte" Afrikaners ongeskik was vir die kongres?

Daar is blykbaar gedink dat die jeug van vandag wel op hul hoede moet wees vir gevare vanuit 'n liberale rigting, maar dat daar nie eintlik sprake is van 'n gevaar van verstarring of ultra-konserwatisme nie.

Dit is beslis belangrik dat die bedreiging van die liberalisme blootgelê moet word. Aan waarskuwings teen die gevaar het dit egter in die afgelope tyd nie ontbreek nie. Enige redelik intelligente jongmens van vandag behoort al terdeë bewus te wees van die bedreiging.

Dit wil voorkom of daar onder die jongmense van vandag, in hul pogings om hul te wend teen alles wat liberalisme is, eerder 'n neiging is tot starre konserwatisme. Na die afgelope A.S.B.-kongres het baie Afrikaanse koerante nie geskroom om hierop te wys nie.

Die gevaar van oorkonserwatisme het selfs daartoe gelei dat studente in reaksie daarteen gekom het. Dit is veral duidelik waarneembaar aan die Universiteit van Stellenbosch, waar 'n onafhanklike studentekoerant in die lewe geroep is. Dit wil egter voorkom of die koerant in 'n „verligte" rigting beweeg. So het die hehaalde aanvalle teen konserwatisme 'n negatiewe uitwerking en slinger die jongmens tussen twee pole sonder 'n positiewe basis.

In die dagbladpers word prof. De Klerk se indeling voorgestel as 'n bindende kategorisering waar die „ware Afrikaner" in 'n onbereikbare posisie tussen twee negatiewe groepe geplaas moet word. Wat is dan die positiewe grondslag van die Afrikaner se lewensbeskouing? Is dit nie die Calvinisme nie?

Vir 'n Afrikaner wat alleen maar probeer om sy Calvinistiese beginsels uit te leef, is dit nie nodig om in konserwatisme of liberalisme te verval nie.

Dit het lankal tyd geword dat die P.U. vir C.H.O. in die verband 'n eie geluid laat hoor.

# TERUGBLIK

Nog 'n jaar van studenteaktiwiteite het ten einde geloop.

Voordat ons heeltemal afskeid van die tydperk neem, is die goed om 'n terugblik daarop te werp. Dit doen ons nie om koeie uit die sloot te grawe nie, maar om die prestasies, waarop ons moet voortbou en die gebreke wat ons moet hervorm, te sien en te waardeer.

Die afgelope tydperk, was 'n tyd van hoogte- en laagtepunte. 'n Hoogtepunt is bereik op die gebiede van kuns en sport. Op die terreine was die hulp van die owerhede en dosente van onskatbare waarde. Veral die departement Spraakleer en drama en die Sportinstituut het op die onderskeie terreine groot werk verrig. Op kunsgebied het die A.B.K.K. hom ook goed van sy taak gekwyt. Die nuwe universiteitskoor wek hoë verwagtings vir die toekoms. Hier is 'n stewige basis om op voor te bou.

Die beeld van studentebedrywighede op ander gebiede is minder rooskleurig. Dit lyk of die organsasies op lewensbeskoulike en kultureel-politieke vlak nie veel gepresteer het nie. Op die gebied van die algemene studente-organisasie was dit 'n tyd van stagnasie. Daar was 'n skreiende gebrek aan belangstelling van die gemiddelde student in die sake. Daar is egter nie gepoog om die belangstelling op te wek nie. Ou vorme is gehandhaaf, maar daar was weinig inhoud.

Dit wil voorkom of die dieptepunt hier reeds bereik is. Ons studenteleiers besef die noodsaaklikheid van reorganisasie. Daar word planne gemaak vir vernuwing, soos blyk uit verskillende berigte in hierdie uitgawe.

Sal die planne in die volgende jaar verwesenlik word? Ons hoop so.

Dit is in elk geval duidelik dat hier 'n toestand is wat beslis hervorming vereis.

## *Studente skryf en praat . . .*

**Die Bantoe het my opgevoed, kook nou my kos en sal eendag my graf toegooi. — Spreker tydens die Sabra-kongres.**

**Dit lyk maar net of die deursneestudent slegs begaan is oor dit wat hom onmiddellik raak of sy morbiede belangstelling prikkel — Hoofartikel, Die Perdeby.**

**Aan diegene wat reeds poste gekry het, baie geluk, aan die wat in spanning wag, voorspoed, aan die wat bloutjies geloop het, probeer weer en aan die wat nog moet skiet, skiet raak! — Hoofartikel, Ararat (O. K. P.)**

**Was Reflector tog maar geëlimineer! — Studenteraadslid.**

# In U Lig

**„En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan spreek Hy met Moses" — Exodus 33:9.**

**Die Here spreek met Moses. Die Heilige van Israel spreek met die mens.**

**„En as Moses uitgaan na die tent, staan die hele volk op en gaan elkeen aan die ingang van sy tent staan. Dan kyk hulle Moses agterna tot hy in die tent ingegaan het.**

**„En as die hele volk die wolkkolom sien staan by die ingang van die tent, staan die hele volk op en buig, elkeen aan die ingang van die tent."**

**As die Here spreek, dan staan die hele volk op. Tog hoor net een mens die spreke van die Here aan: Moses.**

**So spreek Hy elke dag met elkeen van Sy kinders. Hy spreek so dat elkeen afsonderlik in sy eie tent Sy stem hoor.**

**Sommiges hoor Sy stem in die reën wat val, in die wind wat waai. Andere hoor Hom in die binnekamer wanneer Sy Woord spreek. Mens hoor Hom wanneer die dag oud word en die nag buite begin sluip, wanneer die dag vir jouself begin daal en die skaduwees lank oor jou pad begin strek.**

**Maar die Here spreek. Deur Sy genade kan elkeen, vir wie Hy dit wil, Sy spreke hoor.**

**En wanner die Here spreek toets Hy die mens. Sy spreke kom tot die mens as 'n vraag. Hy vra en die mens moet antwoord.**

**Hoe antwoord die mens? Hoe antwoord U? Wat is u antwoord vir God wanneer Hy met u spreek deur die dood van 'n vriend, die siekte van 'n familielid, die onvoorsiene „ramp" wat u tref? Hoe antwoord U?**

**Hoe antwoord u op Sy spreke deur 'n verterende droogte? Hoe antwoord 'n Volk vir God wanneer die leier onverwags weggeruk word op 'n waansinnige wyse?**

**Is u antwoord vir God nie maar net 'n teenvraag nie? Want waarom loop u en lug onderlinge vrae teenoor mekaar oor dinge wat u verstand te bowe gaan? Oor so 'n man wat op so 'n wyse moes sterf? Oor die reën wat wegbly?**

**Wanneer u op die vraag van God 'n teenvraag stel beteken dit dat u in opstand kom. Dan rebelleer u teen God se Almag. Want is dit nie juis u kindskap wat die gehoorsaamheid eis nie?**

**En wanneer die eksamen vir u voor die deur lê, beskou dit ook as 'n wyse waarop u die geleentheid het om op 'n vraag van God te antwoord. Hoe gaan u antwoord?**

# - Deur My Lens -

### APOLOGIE

**Dit is jammer dat sommiges my vorige aanmerking oor die Sportdirekteur verkeerd vertolk het Ek wil apologie aanteken indien ek iemand te na gekom het. Die bedoeling was beslis NIE om refleksie op enige persoon te werp nie.**

### BLOKTYD

Dat die uitslae vanjaar op akademiese gebied ongetwyfeld van besondere hoë gehalte gaan wees, word bewys deur die honderdtalle se afwesigheid op massavergaderings, sowel as by ander kulturele aangeleenthede. Bloktyd is reeds in volle gang! Tog moet mens in gedagte hou om nie al jou tyd net in studies te belê nie. Die belangrike saak rakende die konstitusionele verhouding tussen die studenteraad en die studentemassa het tog seker die aandag verdien van meer as net die handjievol vryheidsvegters wat hulle opwagting gemaak het.

### DEKADENT

Hierdie keer is daar nie 'n tradisionele „komitee" benoem om die saak te ondersoek nie, maar eenvoudig 'n kommissie. Met die oorgaan na 'n nuwe termyn kan selfs die taalontwikkeling nie dekadent bly nie! (Moontlik sal die departement Tegniese Dienste so verheug wees om te verneem van hierdie nuwe, onverwagte ontwikkeling op die taalgebied dat hulle sommer ook die talle parkeerbordjies, „Gereserveer vir personeellede alleen", sonder versuim na korrekte Afrikaans sal ombuie).

Maar gaan dit help? Ons geleerdes hou steeds vol om „bestellings" te maak (en dan bedoel hulle nie om goedere te ontvang van die kruidenier of groentewinkel nie!) —met 'n volhardende weiering om dit as 'n „afspraak" te beskou.

### VERKRAMP

Nietemin, as ons so vorder sal ons nooit „verkramp" genoem kan word nie. Ons moet net oppas om nie té „verlig" te raak nie. Ook in die eliminasiestryd behoort daar 'n gesonde balans tussen die twee uiterstes 'n oplossing gevind te word.

### SENSORSKÊR

En nou hoop ek dat die hoofredakteur sy sensorskêr tuis vergeet het: Dit het lankal tyd geword dat Die Wapad deur my lens te getrag. Uiterlik te oordeel is daar aan hierdie Universiteit 'n akute gebrek aan studenteaktiwiteite. Die vorige uitgawe se hoofartikels het ook nie juis die indruk gelaat van die progressiewe skrywe vir 'n worstelende en groeiende studentetal wat lewe nie. Of het die redaksie reeds geestelik verdrink in hulle poging om die vloeibare, sprankelende en borrelende vitaliteit van die moderne student raak te vat?

### IRONIE

Maar ek moet toegee, die taak om tred te hou met die ontwikkelende student, is geen maklike onderneming nie. Die student van vandag is besig om te studeer; dag en nag bly hy besig met hierdie selfopgelegde verpligting. En hy lees! Die toestand van die boeke in die Ferdiinand Postma-versameling is 'n sperekende bewys hiervan. Ek voorsien — met die uitbreiding van die P.U. — dat mens later selfs plek sal moet reserveer om in die biblioteek 'n staanplek voor 'n rak te kry.

**Mens ondervind selfs dat die P.U.-kaner al geleer het om by die lees van 'n rubriek soos hierdie te kan onderskei tussen luim en erns, ironie en werklikheid.**

—REFLECTOR

# KUNSGESELSIE

Die wese van groot literatuur lê in die besef van die waarde van die woord: die mooi woord, die verrassende woord, die onvervangbare woord, die woord waarin 'n ganse geestelike belewenis vasgevang word. In enige vernuwing moet die hartstog vir die woord lewendig word.

Dit is die werktuig waarmee die skrywer sy wese ontgin, waarmee hy die werklikheid beheers; hierin behou hy homself. As die skrywer, die groot skrywer, aan sy werk 'n duursame gestalte wil gee, is hy woordkunstenaar. En dit impliseer dat hy nie tevrede is met halfraak woord, die onpresiese woord, die retorika nie. Hy wil die enkele, noodwendige woord hê — waarvoor hy lief is — wat voortgolf in die sin en saamsmelt tot 'n onafhanklike grootheid.

**HOOGSTE GESAG**

Deur die erkenning van die woord as die hoogste gesag in die literatuur verval die mens nie in 'n eensydige estetisisme nie. Dit is juis die bevryding, die paspoort na die werklike skoonheid. Die eerbied vir die woord lei by die kunstenaar wat intens leef tn voel tot 'n vulling en grootse skepping van sy innerlike verlange, vreugde en lyding.

Met hierdie fyn besef gaan ook 'n dieper waarneming gepaard. Om die volheid en rykdom van die lewe te rangskik, te orden tot 'n begrypbare menslikheid. Sonder die woord staan ons as mense magteloos voor ons gevoelslewe en die volheid van die aarde. Een van die funksies van groot literatuur is tog om die wêreld oneindig ryker en kleurvoller te maak, om ook dié geestesbesit — die verwardheid, die chaos, die roeringe, 'n vaste vorm te gee.

Soos die kleur vir die skilder iets essensieels is, so is die woord vir die skrywer: om die verskrikking en skoonheid van die wêreld op te vang en alle nood en pyn van menswees hierin te blaas met alleen die woord as wapen.

**BESINNING**

Wanneer die skrywer hom nie hieraan bind nie, is hy nog maar net een van die massa, 'n mens wat gewoonweg verlang, ly, kleinlik of heldhaftig is. As die besinning en sterker kritiek om met altyd groter drif iets groters te maak, uitbly, dan sal sy werk ook maar net 'n toevoeging wees tot die massaliteratuur wat in ons taal so volop is. Daar is enkelinge wat hierdie kastyding en selfsugtigheid verkies het en hoog en vry in ons literatuur staan: Eugene Marais, Dirk Opperman, Van Wyk Louw!

P.H.R.

# PIANIS LEWER 'N BOEIENDE VERTOLKING

Hans Richter-Haaser, wêreldbekende pianis, het Saterdaaand 1 Oktober musiekliefhebbers vergas op werke van Beethoven, Schubert en Brahms. Dit was dan ook die laaste van 'n reeks meesterkonserte waarin bekende kunstenaars opgetree het.

Die ontsaglike intense konsentrasie van die pianis, die inlewing in vertolking, het die werke 'n grootse gestalte gegee, veral ook deur die beheerste meesterlike aanslag.

**WISSEL**

Brahms se sonate in F-mineur, Opus 5, was die hoogtepunt van die uitvoering. Dit is 'n geweldige moeilike werk wat groot eise aan die uitvoerder stel en wat wissel van dawerende uitbarstings tot delikaat beheerste gedeeltes.

Die werke van Beethoven en Brahms, onderskeidelik Tema en Variasiet, Opus 35 (Eroica) en Sonate in C-mineur, Opus parth is ook met 'n meesleurende entoesiasme vertolk.

—H.J.C.



'n Deel van die Carmen Aureumkoor, wat op die Lentefeeskonsert sy debuut gemaak het. Die dirigent is mnr. Arie van Namen. Foto: Fotokuns

# A.B.K.K.-konsert was hoogtepunt

**Die A.B.K.K. se lentefeeskonsert wat op 5 Oktober in die Totiussaal aangebied is, het die hoogtepunt gevorm van 'n reeks konserte wat die afgelope jaar deur die A.B.K.K. gereël is.**

**Gesien in die lig van mnr. Nico van der Merwe, voorsitter van A.B.K.K., se woorde, dat die konsert die begin was van groter dinge, kan dit 'n verdienstelike begin genoem word.**

**Die pasgestigte universiteitskoor, onder leiding van mnr. Arie van Namen het die stoutste verwagtings oortref. Hulle het vier liedere gesing, waaronder die Alma Mater, wat in 'n nuwe, grootse omhulsel geklee is. „Were you there", 'n negerliedjie van godsdienstige aard, is met ongekende piëteit en gevoelsbelewing gesing. Die perfekte afrigting en afgerondheid van die koor het reeds met sy debuut beïndruk. Dit kan in die toekoms groot hoogtes bereik.**

**LEKKER**

Alabama met koor en orkes het weer eens bewys dat hulle dinge groot en goed kan doen.

Die mense sing omdat dit lekker is om te sing en onder die leiding van mnr. Johan van Rensburg is hulle in staat om 'n operette van groot omvang aan te pak. Hoekom nie aan so iets in die toekoms dink nie?

Die Duitse dameskoor het minder beïndruk. Die stemme was maar yl en daar was dikwels nie harmoniese eenheid nie. Mej. Lorraine du Plessis is egter 'n goeie begeleidster.

**EENHEID**

Die Volksanggroep, waar mej. Blanche Human dirigente is, kan ook in die toekoms nog sy merk maak. Die groot gebrek is die tekort aan goeie stemme, alhoewel mej. Human die groep tot 'n eenheid van stem laat saamsmelt het. Wat Volkspele op die verhoog betref: dit bevredig net nie. Al wat hier getref het, was 'n paar trefferdeuntjies.

As 'n eenheid was die konsert goed met 'n afwisselende program wat verskeie hoogtepunte opgelewer het.

P.H.R.

# DIE UITSTALLING MOET BESOEK WORD

**Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging bied vanaf 4—14 Oktober 'n uitstalling van skilderye en beeldhouwerke van die sg. „Bloemfonteinse groep" in die kunslokaal van die Frans du Toit gebou aan. In 'n onderhoud met dr. G.M. Ballot, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis aan die P.U. vir C.H.O., het hy gesê:**

„Aan die hoof van die groep staan dr. F. Scott, deur wie se toedoen die tentoonstelling alhier moontlik gemaak is. Die lede van hierdie groep lewer werke van uiteenlopende aard. Dit maak 'n besoek aan hierdie tentoonstelling ongetwyfeld die moeite werd. Interessant is verder die feit dat van hierdie kunstenaars oorspronklik vanuit Europa kom: Claerhout uit België en Ampenberger uit Duitsland. Slegs enkeles soos Van der Merwe en Reneé le Roux is hier ter lande gebore.

**„Die werke wissel van realisme na semi-abstrakte en abstrakte kunsuitings. Ekspressionisties met 'n sterk nasionaal-vlaamse inslag is die werke van Claerhout. Daarteenoor is die werke van Reneé le Roux en Eben van der Merwe heeltemal abstrak.**

„Melankolies — ekspressionisties is die werk van Iris Ampenberger, alhoewel sy, blykens die werke hier op die tentoonstelling verteenwoordig, 'n meer nugtere gevoel deur middel van sterk geväriëerde kleurkontraste (veral blou en rooi) bewerkstellig. Dit staan in kontras met die vroeëre gebruik van skakerings van bruin en rooibruin.

„Stefan Ampenberger lewer ook iets nuuts in die werke wat op hierdie tentoonstelling uitgestal word. Dit is nl. dat hy die mens en die dier in sy landskapskildering begin betrek.

„'n Skildery wat dadelik aandag trek is „Nuwe Uitbreiding" (no. 34) van Walter Westbrook. Alhoewel realisties van inslag gee hy hier ook 'n suksesvolle tweeslagtigheid van die impressionistiese inslag.

„Die helder kontrasterende en kleurige surrealistiese skilderye van Neville Varney is so diepsinnig en droomwêreldagtig dat dit die beskouer 'n bietjie onvergenoegd laat.

„Uiteenlopend van aard is die werke van Alexander en Marianne Podlashuc. Sy met haar uiters realistiese, grensend aan die surrealistiese droomwêrelduitbeeldings verskil heelwat van haar man se meer impressionistiese skilderye."

# Volkspele hou blitskursus

'n Blitskursus in Volkspele het die naweek van 7 tot 10 Oktober aan die P.U. plaasgevind. Die kursus is aangebied deur die Wes-Transvaalse Wyksbond vir Volkspele en Volksang by die geleentheid van die mondigwording van die Bond.

# MOORDKOMEDIE IS DEUR TRUK OPGEVOER

**Die man met die lyk om sy nek — 'n moordkomedie in drie bedrywe — is Saterdagaand 1 Oktober deur TRUK in die stadsaal opgevoer. Bartho Smit is die skrywer en die regie is waargeneem deur Ricky Arden.**

**ANDERS**

Dit is 'n boeiende, besienswaardige aanbieding wat al die kwaliteite besit om dit 'n waardige toevoeging tot die Afrikaanse toneelkuns te maak: volgehoue spanning, humor en 'n verrassende, verstommende ontknoping.

As 'n eenheid het die stuk 'n afgerondheid en tegelykertyd 'n andersheid: die einde spot eintlik bietjie met die opgeboude spanning van die toeskouer. Nietemin sorg die oplossing vir 'n gemoedelike huis-toe-gaan van die toneelgangers.

**LOUW VERWEY**

Cobus Rossouw as Paul Barnard, 'n sukkelende skrywer, vertolk die hoofrol. Hy word die ongelukkige slagoffer van 'n „onskuldige" moordaksie teen sy vrou. Sy spel wat aanvanklik oortuigend is word algaande swakker en selfs hinderlik.

Van die mede hoofspelers waaronder: Petru Wessels, Marius Weyers en Louw Verwey trek laasgenoemde die aandag met sy gemaklike, buigbare spel en inlewing in sy rol.

Marius Weyers is openlik amateuragtig en tesame met Johan Botha is hul speeltalent beperk tot 'n dooie, stereotipe middelmatigheid. James Norval as 'n gestrenge Polisiekaptein tref ook deur sy uitmuntende vertolking.

**In die geheel gesien is dit 'n geslaagde aanbieding waarin die verhaal knap is, en die spel redelik oortuigend. Spesiale vermelding verdien die dekor en beligting wat besonder natuurlik was, en baie bygedra het tot die welslae wat behaal is.** P.H.R.

# Skaakklub beoog kampioenskap

Die P.U.-Skaakklub beoog om volgende jaar 'n kampioenskap te hou om die gehalte van die spel te verhoog, het mnr. Mac van der Merwe, voorsitter van die klub, in 'n onderhoud meegedeel. Hy het gesê dat hy groot belangstelling daarvoor verwag.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.


Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies

# VERKOUE?




Na aanleiding van die swak bywoning van die lentefees.

# Reorganisasie van Korps word deur nuwe bestuur beoog

**'n Reorganisasie van Korps Veritas Vincet word beoog, het mnr. J.P.L. van der Walt, nuwe voorsitter van die hoofliggaam, in 'n verklaring aan Die Wapad bekend gemaak. Mnr. van der Walt het die volgende meegedeel:**

**Die feit dat die belangstelling in die werksaamhede van Korps so min blyk te wees, verg aandag. Slegs 35 seniors het stemreg op Korps gehad terwyl die getal eerstejaars wat stemreg gehad het swak vergelyk met die getalle van ander hoofliggame.**

„Die swak bywoning kan toegeskryf word aan die reeds oorvol program van die P.U. student. Dit het verder tyd geword dat daar 'n verandering kom in die aanbieding van Programaande. Die bestuur van Korps het met bogenoemde in gedagte besluit om daadwerklike pogings aan te wend om Korps weer sy plek te laat volstaan in die studentelewe. Die programaande asook die werksaamhede van die verskillende komitees sal gereorganiseer moet word en aantrekliker gemaak moet word.

**STEREOTIEP**

„Daar sal gepoog word om vier ledevergaderings te hou. Van die stereotipe aanbieding in die vorm van lesings moet afgesien word en daarom is besluit op die volgende.

1. Simposium: vier sprekers sal genooi word om oor 'n aktuele saak met mekaar, voor die massa., 'n gesprek te voer. Die sprekers word so gekies dat hulle van verskillende standpunte die onderwerp sal benader.

2. 'n Spreker wat die massa sal toespreek en sy praatjie sal toelig met hulpmiddels soos kleurskyfies en rolfilms.

3. Die samewerking van die A.S.B. sal gevra word om 'n program aan te bied in die vorm van 'n hof- of parlementsitting. Die een groep sal dan die aanklaers en die ander die verdedigers wees. Die prosedure soos die werklike sitting sal gevolg word asook die rangskikking van die stoele in die saal. Hiermee word die hele gehoor betrek.

4. Lesings.

„Persone uit die massa sal gevra word om op die volgende komitees te dien. (Konvenors uit Korps-bestuur).

a. Pers- en nuuskomitee: hierdie komitee sal aan polemiek in die dagblaaie deelneem en die Calvinis se standpunt duidelik stel. Aan hulle is verder opgedra om ons Universiteit se standpunt aan die buitewêreld duidelik uit een te sit waar dit nodig blyk.

b. Publikasie-komitee: sal gedurende die loop van die jaar die publikasie „In die dae van jou jonkheid" laat verskyn.

c. Studie-komitee. Die studie-komitee sal voortgaan met die hulp aan die projek van die I.B.C. Die lywige werkstuk wat elke jaar aan die hand van hierdie komitee verskyn het, sal vervang word met kort vlugskrifte oor belangrike sake. (bv. Waarom is u 'n Puk?)".

## Raadsvoorsitter tree uit

**Ds. D.N. Kotzé, voorsitter van die Potchefstroomse Universiteitsraad, gaan hom by die verstryking van sy dienstermyn aan die einde van die jaar nie weer as raadslid herkiesbaar stel nie.**

**Ds. Kotzé het in 1908 as student by die Universiteit ingeskryf en in 1919 het hy lid van die raad geword na die inkorporasie van P.U.K. vir C.H.O.**

**Hoewel ds. Kotzé byna 80 is, doen hy op die oomblik weer diens in 'n Natalse gemeente vir 'n jaar.**


**Aan die einde van die jaar sal ds. Kotzé 'n verbintenis van 58 jaar met die Universiteit beëindig.**

## Ses Pukke woon jeugkongres van Sabra by

**„Die Tweede Wêreldoorlog het uitgebreek. Dit is hierdie gebeurtenis wat die S.A. rassevraagstuk op onverbreekbare wyse aan die groot wêreldgebeure vasgeknoop het".**

**Dit is die woorde van dr. G.D. Scholtz, hoofredakteur van Die Transvaler. Tydens die Sabrajeugkongres wat in die Warmbadse hoërskoolsaal van 3 tot 5 Oktober gehou is. Dr. Scholtz se referaat is deur dr. J.C. Jooste van Sabra voorgedra. Dr. Scholtz het verder gesê dat die grootste tragedie S. A. getref het toe gefaal is om segregasie tot die ekonomie lewensfaset deur te voer.**

Mnr. D.P. Goosen, direkteur van die S. A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, het o.a. gesê dat ons jeug in meer as drie eeue 'n duur prys betaal het vir die



**'n Groepie Pukke wat die Sabra-kongres op Warmbad bygewoon het, verkeer in diepe nadenke na 'n insiggewende referaat. Die denkers is Isak du Plessis, Coert van der Merwe, Blackie Vorster en Bok Schutte.**

**Foto: B. van Jaarsveld**

Republiek. „Maar geen geslag het die finale prys betaal nie. Elke geslag het sy eie paaiemente vereffen."

Referate is ook gelewer deur dr. C. Hanekom, dr. J. I. de Wet verbonde aan die U.P. en dr. P. G.J. Koornhof, L.V. van Primrose. Dr. Koornhof het met 'n besielende referaat oor „Die Jeug op mars in blank Suid-Afrika" die kongres op 'n baie hoë noot afgesluit.

Van die 37 studente wat die kongres bygewoon het was ses Pukke.

# *Ons Lesers Skryf*

## STUDENT KRITISEER ARTIKEL OOR STUDENTEDENKE

**In antwoord op mnr. Robert Lacey se artikel in die Sunday Times wat in 'n vorige uitgawe van Die Wapad verskyn het, wil ek graag die volgende opmerk.**

In Suid-Afrika is die aanvraag na leiers groot. Weens die groot persentasie wat die intellektueel laer ontwikkelde bevolking in ons land inneem, moet alle moontlike potensiaal ontwikkel word.

Weliswaar is dit 'n ideale toestand om studente te kan keur, maar wil mnr. Lacey 'n verdoemende standpunt teenoor ons inneem, bloot op die grond van nie-ideale toestande? Hieruit kan ons ook sien dat ons die volle nieblankepotensiaal moet ontwikkel (wel elkeen in eie gebied).

**OPPONEER**

Ek wil die stelling „university education is supposed to broaden the mind", opponeer. 'n Universiteit, in sy universele hoedanigheid, is nie soseer vir die ontwikkeling van die wetenskap nie, maar vir die gelykwaardige ontwikkeling van die gees.

Deur op 'n later leeftyd te spesialiseer, soos oorsee gedoen word, het nie juis 'n visuele uitbreiding van die hele gees ten gevolg nie, maar na alle waarskynlikheid die teenoorgestelde.

Uit mnr. Lacey se artikel blyk dat hy nie met ons opvoedkundige stelsel saamstem nie. Ons kan verstaan dat hy homself nie maklik in ons situasie kon indink nie, maar is hy nie miskien ietwat kortsigtig om sy omstandighede en metodes as die absolute te neem nie?

**MORELE STANDAARDE**

Betreffende die „. . no more immoral . .", wil ek Brittanje se reg of aanspraak op hoë morele standaarde sterk in twyfel trek.

As motivering noem ek die ontugsaak van 'n paar jaar gelede waarby selfs Britse kabinetslede betrokke was.

**Met betrekking tot die stelling dat oorsese studente „less hypocritical than South African students" is, wil ek 'n element van waarheid erken. Ons studente kan gerus minder skynheilig wees deur hulle oortuigings ten volle (met menslike beperkings in ag geneem) uit te leef.**

**FEITESPEKULASIE**

**Om my enigsins uit te laat oor mnr. Geldenhuys se stelling (flater?) sal lei tot 'n ongemotiveerde feitespekulasie. Ek laat dit maar aan homself oor om sy saak te stel.**

Ek het my tot nogtoe nie uitgespreek oor die vraag van die opskrif, „Why don't South African students think?", nie.

Met genoemde feite in ag geneem, blyk dit dat die konsentrasie Suid-Afrikaanse studente wat dink wel aansienlik minder is as in Brittanje, maar dat die persentasie van die bevolking wat studeer wel gunstig met Brittanje vergelyk, indien nie oortref nie.

—Z.B. Coetzee.

(Brief effens verkort — Red.)

## Briewebus

**Weens gebrek aan ruimte was dit nie moontlik om alle briewe te plaas nie. Lesers is hartlik welkom om aan Die Wapad te skryf oor enige saak, maar u moet u briewe asseblief kort en kragtig stel. — Red.**

# Kommuniste wil Amerika in toekoms oorneem, sê Bundy

**„Een van die belangrike foute wat dikwels ten opsigte van die Kommunisme gemaak word, is die gedagte dat 'n persoon 'n lid van die Kommuniste-party moet wees om hulle saak te bevorder". Die uitlating is verlede Woensdagaand deur Majoor Edgar Bundy, uitvoerende sekretaris van die Church League of America, gemaak toe hy voor 'n gehoor van sowat honderd-en-twintig persone in die plaaslike stadsaal opgetree het.**

**INFILTRASIE**

Majoor Bundy het hom veral toegespits op die Kommunistiese beïnvloeding van en infiltrasie in die lewe van die studerende jeug in Amerika. Volgens hom beplan die Kommuniste in Amerika om die regering van die land oor te neem en om hierdie doel te bereik, maak hulle gebruik van sg. „fellow travellers" in elke denkbare lewensfeer.

Volgens Gus Hall, Kommunisteleier in Amerika, moet veral op die jeug gekonsentreer word, want „the young generation represents a vast potential". Volgens hom is die jeug minder onderworpe aan ou vooroordele en meer ontvanklik en geneig tot radikalisme. Majoor Bundy het gesê dat hierdie stelling volkome waar is en daarop gewys dat ook Karl Marx nog 'n student was toe hy sy teorieë ontwikkel het en dit in 1848 te boek gestel het.

Majoor Bundy het afgesluit deur die hoop uit te spreek dat in Suid-Afrika betroubare bronne oor die Kommunisme bestudeer sal word, en het die geloof uitgespreek dat Suid-Afrika dié land mag wees om die wêreld uit donkerheid en ateïsme te lei.

## Professore was op Ermelo

'n Groep professore en dosente van die P.U. het Ermelo gister besoek waar hulle 'n saamtrek van leerlinge van Oos-Transvaal toegespreek het.

Die doel van die saamtrek was om leerlinge wat vanjaar hulle skoolloopbane beëindig, nader in te lig oor die verskillende studierigtings wat hulle aan die P.U. kan volg.

Die leerlinge het die geleentheid gehad om die professore persoonlik te spreek.

## Biblioteekvereniging hou konferensie aan P.U.

**Die Ferdinand Postma-biblioteek was die gasheer vir die een-en-twintigste konferensie van die S. A. Biblioteekvereniging wat van 17 tot 23 September hier gehou is. Afgevaardigdes uit al vier provinsies en selfs so ver as Mosambiek het aan die besprekings kom deelneem.**

Prof. H.C. van Rooy, hoofbibliotekaris van die P.U. het na twee jaar as president van die S.A.B.V. afgetree en dr. S.I. Malan van Durban (ook 'n oud-Puk) is as die nuwe president vir die volgende termyn aangewys.

Woensdagaand, 21 September, het die afgevaardigdes op uitnodiging van die Rektor 'n kleedrepetisie van ANTIGONE in die Totiussaal bygewoon.

Nadat al die besienswaardighede in die dorp en op die kampus die namiddag deur die konferensiegangers besoek is, is hulle die aand van die 22ste September deur die burgemeester, prof. H.L. Swanepoel, op 'n dinee in die stadsaal onthaal.

## *SEWENDEJAARS NEEM AFSKEID*

„Ons sewendejaars het drie gewaarwordinge in hierdie tyd: dankbaarheid, 'n gevoel van huiwering en 'n sterk roepingsbesef," het mnr. Frans van der Walt gesê by die geleentheid van die jaarlikse afskeidsdinee vir vierdejaar teologiese studente in die Queen's Hotel. Die afskeidsgeselligheid is op Donderdagaand, 29 September, gehou en is gereël deur die Teologiese Studentevereniging (T. S. V.).

Onder die aanwesiges was, benewens die teologiese studente en hul gesellinne, ook die teologiese professore en van die plaaslike predikante.

# STUDENTE WAS JOLIG OP LENTEFEES BY DAM

**Die Lente is vanjaar deur die Pukstudente ingelui met 'n lentefees wat op Saterdag 1 Oktober plaasgevind het. Die joligheid by die dorpsdam het redelik vroeg die middag begin en het tot met skemer geduur.**

**Aanvanklik was dit asof die hitte die gees gedemp het, maar na die middagete het dinge begin koers kry en het die boeresport aanvang geneem. Die skyfskiet is deur die manne van Dawie Dup-Noord oorheers en dit was van die begin af duidelik dat hierdie koshuis van plan was om die aand verniet te gaan fliek. Die eerste plek is wel deur 'n persoon van die dorp ingeneem, maar die daaropvolgende 23 plekke is almal deur Dawie Duppers ingepalm.**

**SKOONSKIP**

Die kompetisie in die verskillende nommers is op Inter-koshuis basis beslis en die wennende koshuis het gratis toegang tot die fliek in die Totiussaal gehad. Veral die bootresies het belangstelling gewek en ook hier het Dawie Dup-Noord onder die mansspanne skoonskip gemaak. Die dames het ook die roeispane laat sing en Thaba Jäh het geseëvier met Klawerhof tweede.

Die toutrekspanne het die spiere laat bult en Dawie Dup se eerstes en tweedes het die botoon gevoer, met Klawerhof as die koshuis met die sterkste dames op die PUK.

**KUSSINGGEVEGTE**

Die gees het ook hoog geloop tydens die kussinggevegte en met skemer het 'n aangename aandete krag vir verdere pret verskaf.

Ongelukkig het die film wat die aand in die Totiussaal vertoon sou word, nie opgedaag nie.

**Opmerklik was dat daar slegs sowat drie-honderd studente by die fees was.**



**Die lentefees het harde werk gekos van die organiseerders daarvan. Drie van die dames wat ywerig gehelp het om kos aan die hongerige feesgangers uit te deel, is (van links na regs) Yvonne Adendorf, Anita van der Merwe en Breggie Engelbrecht.** —Foto: De Zee.



**Dit het jolig toegegaan tydens die onlangse dinee van die Studenteraad. Sowel die ou as die nuwe Studenteraadslede was teenwoordig. Dit lyk of die ou lede hier besig is om die nuwelinge in te lei in die metodes van oplossing van Studenteraadsprobleme.** Foto: Fotokuns

## EERSTEJAARS JUIG!

**'n Nuwe vefyndheid sal binnekort sy verskyning in die twee grootste dames-koshuise, Oosterhof en Klawerhof maak en wel in die gedaante van 'n interkomstelsel.**

**Nou sal die jonge dames nie meer hulle kele in diens hoef te stel nie en daarvoor is hulle veral baie bly. Dit is werklik 'n welkome byvoeging in die koshuise en diensbeurte sal nou beslis met groter entoesiasme waargeneem word.**

## Groot man kruip deur venster

In „Republica Gatlandia" het 'n ou skelm van die P.U., mnr. Piet van Zyl, verlede week weer sy vernuf getoon toe hy sonder veel moeite deur 'n vensterraam van 10" x 10" geklouter het. Vir die volvoering van hierdie uitdaging, het hy 'n hele pak sigarette bekom. Mnr. van Zyl is sowat 5' 10" lank en weeg nagenoeg 150 lb.

## Naturelle-administrasie word selfstandig

**Die Departement Naturelle-administrasie het onlangs die tyding ontvang dat dit voortaan as selfstandige departement sal fungeer.**

Die vak word reeds 'n geruime tyd aan die Potchefstroomse Universiteit aangebied maar is nog altyd by die departement Volkekunde ingesluit. Die afgelope tien jaar het die studentetal en die werksaamhede op die gebied in so 'n mate toegeneem dat die raad besluit het om dit 'n selfstandige departement te maak.

„Ons beoog om 'n grondige studie van rasseverhoudings en ontwikkeling in Suid-Afrika en alle ander wêrelddele met 'n veelrassige bevolking te maak", het mnr. J.J. Henning, van die departement Naturelle-administrasie in 'n onderhoud gesê. Hy het ook aangetoon dat in die vak die verskillende beleide en wetgewinge in Suid-Afrika, wat betrekking het op die nie-blanke, bestudeer word.

**ONTWIKKEL**

Naturelleadministrasie is nie 'n statiese vak nie maar ontwikkel gaandeweg. Daarom sal die vak ook van tyd tot tyd ontwikkel moet word sodat dit aktueel kan aanpas by die wêreld-gebeure byvoorbeeld die vrywording van Afrika State. Hy het ook bekend gemaak dat die naam van die vak beslis in die toekoms verander sal word. Daar is egter nog geen sekerheid watter vorm dit dan sal aanneem nie aangesien dit nie in die nabye toekoms sal plaasvind nie.

In die toekoms sal die Naturelleadministrasie in die fakulteite Lettere en Regte aangebied word. Die huidige dosente is mnre. J.J. Henning en C.J. Maritz.

## MEER DRUIP AAN DIE GROOT UNIVERSITEITE

**Volgens 'n berig in 'n Engelse Sondagkoerant dui syfers wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap verstrek is, daarop dat die druipsyfer onder eerstejaars aan die groter universiteite hoër is as wat die geval is aan dié universiteite met 'n relatiewe klein studentetal. Die besonderhede vir agt blanke universiteite vir 1965 is soos volg:**

Universiteit Kaapstad: 1,393 eerstejaars, 45.8% druipelinge; Universiteit Pretoria: 2,861 eerstejaars, 45.05% druipelinge; Natalse Universiteit: 1,335 eerstejaars, 38.65% druipelinge; Witwatersrandse Universiteit: 1,957 eerstejaars, 37.81% druipelinge; Stellenbosch Universiteit: 1,453 eerstejaars, 34.41% druipelinge; Potchefstroomse Universiteit: 616 eerstejaars, 32.95% druipelinge; Rhodes Universiteit: 433 eerstejaars, 26.09% druipelinge; Universiteit van Port Elizabeth: 137 eerstejaars, 50.36% druipelinge.

'n Senior amptenaar skryf die verskynsel o.a. toe aan gebrek aan aandag wat aan die indiwiduele student aan die groter universiteite bestee word.

## OOSTERHOF NEEM AFSKEID

Oosterhof het verlede week met 'n smaakvolle ete van mev. A.J. Kruger wat vier jaar aldaar diens gedoen het, afskeid geneem.

Sy was geen onbekende aan die Universiteit nie aangesien sy vroeër vir 'n jaar in die Lettie du Plessis-eetsaal werksaam was.

Mev. Kruger het met haar vertrek gesê dat die Potchefstroomse Universiteit altyd die universiteit vir haar sal wees omdat die onderlinge omgang tussen studente so besonder en aangenaam is. Voorts het sy gesê dat sy altyd aan Oosterhof sal dink as 'n klein kindjie wat sy gehelp grootmaak het.

Oosterhof dink met dank aan alles wat sy vir hulle gedoen het.

## EKONOME HET GEDINEER

Die jaarlikse dinee van die Ekonomiese Vereniging het verlede Saterdagaand met groot welslae plaasbevind.

Tydens 'n besonder aangename ete het mnr. A.S. van Straaten van VEKOR as gasspreker opgetree.

Hy het daarop gewys dat daar meer leiers per 1,000 inwoners in Suid-Afrika na vore moet tree en dat die maksimale produktiwiteit van elke arbeider in Suid-Afrika ten volle benut moet word.

**ARBEID**

Mnr. van Straaten het ten slotte beweer dat die hele probleem van onproduktiewe arbeid deur doelgerigte, sistematiese arbeid opgelos kan word.

Dineegangers het die mening uitgespreek dat die toespraak beslis die hoogtepunt van 'n genotvolle aand was.




Die akkerbome is weer groen en die studente sien dit. Daar is lente in die lug en dis lekker om te gaan stap — die studente weet dit.

Veral in die aande sien 'n mens hulle onder die akkerbome in die straat.. Hulle geniet dit. . . . vra maar vir Kotie en Johan of vir Hannetjie van der Merwe en haar maatjie.

Die akkerbome lyk soos mos — en Lorene en Frik sien dit; en Hillie en Hans.

En dan hoor ons Danie en Nina sê die rosies voor Kulu ruik so lekker . . . .

Van koshuise gepraat, ons sien Johan Kruger deesdae baie by Oosterhof se voordeur, of hoe Hester? en vir Hannie se Johan. . . . .

Van al die stap onder die akkerbome kom daar groot dinge, blink dinge . . . en Oosterhof hou die blink kant bo met Hettie Mollett en Lecia Els en Susan Greeff en Chrissie Kruger.

Jan Bradley en Dave en Jan-At sien vanjaar die akkerbome in 'n heel ander lig, want al gaan stap 'n mens nie altyd nie 'n Verloofring kan tog so mooi blink in die lig van die straatlamp.

En nou wonder ons of Sandra volgende jaar alleen onder die akkerbome gaan staan — of in watter straat Petro en Manie gaan loop . . . . . En terwyl ons nou met Farmaseute besig is — hoe gaan Willie Coetzee volgende jaar weet of die akkerblare nog so mooi is?

Die akkerbome in die strate bly maar die slepers se wandelplek want die P.U. se kampus het mos nie akkerbome nie. . . . .

LOELOERAAI

SANLAM
*vir Beskerming*

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Op swembyeenkoms het rekords gespat

**Die rekords het Dinsdagaand op die inter-koshuis swemliga kwistig gespat. Die swemklub spog met die prestasie dat agt uit die veertien individuele items in 'n rekordtyd afgelê is waaronder al sewe die indiwiduele mansitems tel.**

**Dexter White van die dorp het opspraak verwek deur die tyd te verbeter in al vier die items waaraan hy deelgeneem het nl. die 100 treë borsslag en wisselslag en die 33⅓ treë kruipslag en vlinderslag. Hierdie belowende jong swemmer word al sedert sy twaalfde jaar deur mnr. Paul du Plooy, 'n bekende afrigter uit die dorp, voorberei vir sy springbokkleure.**

Ander uitblinkers was L. du Plessis (33⅓ tree rugslag dames), B Venter (33⅓ tree rugslag mans), J. de Jager (33⅓ treë borsslag mans) en die kaptein van die swemklub, W. Brewis (100 tree kruipslag mans). Die beste vertoning van die aand was die 33⅓ tree kruipslag waarin die uitslag soos volg was: Eerste was D. White met 'n tyd van 14.8 sek., tweede W. Brewis (15 sek.) en derde F. Roothman (16.8 sek.) terwyl die ou rekord vanaf 1957 gestaan het op 16.9 sek.

Oosterhof het in die damesafdeling skoonskip gemaak met 'n puik totaal van 100 punte. Thaba Jäh het tweede geëndig met 80 punte, derde was Kulu met 64 en kort op hul hakke Klawerhof se 63. Dorp was laaste met 'n totaal van 50.

In die mansafdeling het die Dorp 'n oortuigende 119 punte ingesamel terwyl Over de Voor in die tweede plek swak vergelyk het met 68. Kort op lg. se hakke het Dawie Dup gevolg met 66 punte en Kompleks moes met 34 die aftog blaas.

Hierdie oplewing in die swemkringe is alleen verblydenswaardig, veral as ons dink aan die tekens van sterwe wat die swem verlede jaar getoon het. Hiervoor kom alle lof mnr. Brewis en sy komitee toe, asook die entoesiastiese samewerking van mej. de Jager en mnr. du Plooy.

Verder word verneem dat die S.S.B. besluit het dat daar volgende jaar op inter-koshuis basis meegeding sal word waarby twee trofeë betrokke sal wees.

## WILLIE IS SPORTMAN VAN JAAR

Toekennings is verlede week aan twee belowende sportmanne van die universiteit gedoen. Willie Coetzee, springbokhekkiesatleet van die P. U. het die On Mutualtrofee ontvang, wat toegeken word aan die beste sportman van die jaar. Ibbert Joubert het 'n medalje ontvang as die rugbyspeler wat die meeste vordering gemaak het in die afgelope seisoen.

## Aan die Sportfront

deur SPREILIG

Met die afloop van die rugbyseisoen is daar nou geleentheid vir elke sportman om hom op die verskillende somersportsoorte toe te lê. Vir die atlete het die seisoen alreeds begin en vir die kriekketspelers wag die oefennette op die Oude Molenterrein.

**KRIEKET**

Hoewel die Pukke nog nooit groot prestasies in krieket behaal het nie, is daar hierdie seisoen groot planne om die belangstelling by voornemende spelers aan te wakker. Wat afrigting betref, sal Rodney Cass, 'n Engelse beroepsafrigter, help om die Pukke reg te skaaf terwyl daar ook vir 'n koshuisliga voorsiening gemaak word.

Ek sien nie waarom die plan nie inslag sal vind nie. Die koshuisrugby was 'n groot sukses; waarom nie ook koshuiskrieket nie? Talent het ons ook genoeg. Verskeie koshuise het reeds op hul eentjie begin om te oefen.

**ATLETIEK**

Op atletiekgebied het die P.U. groot naam gemaak in 1964 toe hulle die gesogte Dalrymple-beker van die Tukkies afgeneem het. In 1965 het hulle slegs met een punt die trofee weer afgestaan. Hierdie seisoen wil die atletiekklub poog om voort te bou op hierdie prestasie, maar die belangstelling is skraal. Veral op die gebied van die veldnommers is daar weinig vooruitsigte.

Ek doen 'n beroep op alle Pukke om hulle daad by my woord te voeg. Ons gaan volgende jaar beslis ons stem dik maak op alle gebiede.


## Mielieboere kry aandsport

Aandsport sal binnekort ook in Wes-Transvaal beoefen word.

Op die jongste stadraadsvergadering is besluit om die Mekka van Wes-Transvaalse atletiek, die Bill Swart-ovaal, met spreiligte te voorsien. 'n Tender vir R5,100 is hiervoor goedgekeur.

Hierdie stap is voorafgegaan deur 'n lening aan die Potchefstroomse Rugbyklub om sy oefenveld met spreiligte te voorsien. Die raad het ook agter geslote deure beraadslaag oor die beligting van die Wes-Transvaalse rugbyhoofkwartier, Olënpark. Daar is nog geen definitiewe besluite geneem nie, maar die rugbybond sal dadelik genader word oor 'n skikking van die geldelike implikasies.

Daar is sprake dat die aanvullende stadsraadsbegroting van Oktober vir die dringende saak sal voorsiening maak. Die behoorlike beligting van Olënpark sal bes moontlik in die buurt van R40,000 kos.



'n Aantal swemsters spring weg tydens die onlangs gehoue swemgala. Foto: Fotokuns.

## Almal speel by minibaan

Die miniatuur-gholfbaan wat onlangs deur Dawie du Plessishuis gebou is, blyk 'n reuse-sukses te wees. Van vroeg tot laat kan 'n mens daar spelers aantref, wat probeer om hul tellings te oortref.

Dit is 'n moeilike baan met baie hindernisse en bestaan uit tien putjies. Die amptelike baanrekord is op die oomblik 34 houe en word gehou deur Dawie Jacobs. Die baansyfer is 40 houe.

Vir alle gholfgeesdriftiges bied dit 'n ideale geleentheid om te ontsnap van die boeke. Selfs dames is gereeld teenwoordig. Watter Dawie Dupper kan nog by sy boeke bly as hulle daar is?



**Dawie du Plessishuis sê glo dat hulle voldoende tydverdryf gedurende bloktyd kan verskaf. Die twee manne het reeds begin blok.**
—Foto: B. van Jaarsveld

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

## Judospelers het hul laat geld

Die P.U. Judoklub het met 'n sterk ledetal 'n besondere suksesvolle jaar agter die rug. Vir die eerste keer het die klub 'n sterk damespan gehad wat hulle deeglik laat geld het, nie alleen by ligawedstryde en die S.A.U.-kampioenskappe nie, maar ook by graderings. In Bloemfontein het hulle verras deur tweede plek te behaal in die damesafdeling tydens die interuniversitêre toernooi. Dit was die eerste keer dat hulle aan die toernooi deelgeneem het.

**Verskeie mans het ook die Wes-Transvaalse span gehaal, nl. A. Williams, T. Lourens, S. van der Walt en J. Mussman. Mnre. Williams en Lourens het ook hulle provinsie op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Kaapstad verteenwoordig.**

**OORWINNINGS**

Tydens die Intervarsity teen U.K.O.V.S. het die eerste en die tweede spanne klinkende oorwinnings behaal. Dit het al 'n tradisie geword dat die P.U. se Judomanne die Intervarsity inpalm.

Die klub hoop om volgende jaar baie goed te vaar op die S.A.U.-kampioenskappe, wat op Potchefstroom sal plaasvind.

## DAWIE DU PLESSISHUIS IS WENNERS VAN TWEE BEKERS

**Aan die einde van die seisoen kan die Dawie Dupspan terugkyk met tevredenheid. Nie alleen het die span die derde liga-beker ingepalm nie maar ook die Pieter Malan-wisseltrofee vir die span met die beste gees.**

Die span spog met 'n trotse rekord wat nie maklik geëwenaar gaan word nie. Die span het afgereken met Wits 111, UOVS 111, en ook met Pote. In die ligakompetisie het hulle 'n totaal van 18 punte uit die moontlike 20 behaal. Slegs 2 wedstryde was gelykop beslissings. Die enigste nederlaag is deur Over de Voor toegedien. Die puntetotaal oor die seisoen is 299 vir en 90 teen hulle.

Die span is daarvan oortuig dat hulle sukses te danke is aan die bekwame afrigting van mnr. Jan Coetzee en die gereelde ondersteuning van die koshuis.

## Doen beroep op Krieketmense

Die krieketseisoen aan die Puk het aangebreek en baie spelers is al hard besig om te oefen.

Die eerste wedstryde sal volgende week in aanvang neem en hierdie seisoen sal die Puk moet wys wat daar in hulle steek. Om die manne 'n bietjie touwys te maak sal Rodney Cass, voormalige beroepspeler van Sussex, die Puk minstens twee keer 'n week besoek.

Daar word 'n beroep op alle spelers gedoen om hul dienste aan te bied. As almal probeer kan ons binnekort dieselfde hoogtes bereik as vanjaar se rugbyspan. Krieket moet nie net gespeel word om fiks te word vir die volgende jaar se rugbyseisoen nie, maar as 'n eersterangse sport.

## Tennisspan spog met drie lede in W.-Tvl.-span

Die P.U.-tennispan het opspraak verwek toe drie van hulle gekies is om Wes-Transvaal op die inter-provinsiale toernooi in Oos-Londen van 10 tot 15 Oktober, te verteenwoordig. Die baanbrekers is Althea van Loggerenberg (die Puk se beste dameспeelster), Dawie Smith voorsitter van die klub, en Piet Mitchell. Die feit dat die span slegs uit drie mans en drie dames bestaan, verhoog die prestasie van die uitblinkers des te meer.

Daar word gehoop dat met die spreiligte wat onlangs by die tennisbane in gebruik geneem is, die tennisspelers tot nog verdere hoogtes sal kan klim.

„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "

Turkstra

te kry by u kafeteria